Woensdag **14 Augustus**

**Skrifgedeelte: Jesaja 40:12-31**

**Fokusgedeelte: Jesaja 40:25, 28**

**“Met wie kan julle God dan vergelyk? Met watter beeld kan julle Hom gelykstel?”**

Ons God is die lewende, almagtige Skepper van hemel en aarde, wat oor alles en almal heers. Daar is niks in die skepping waarmee ons Hom kan vergelyk of uitbeeld nie. Hy is die Skepper, die onderhouer, die wyse en die Een wat in beheer is van alles en almal. Uit Hom, deur Hom en tot Hom is alle dinge.

Die hele wêreld het deur sy krag tot stand gekom en is in sy wysheid gevestig, en selfs die hemel is met sy insig oopgesprei.

Hoe kan enigiemand dan die skepsel en die Skepper gelyk wil stel? Dis onmoontlik!

Maar weet u hoe goed is God vir die wat aan Hom behoort? God het vir ons sy beeld gegee, nie alleen deur sy Woord aan ons bekend te maak nie, maar op ’n tasbare en sigbare wyse het God sy sigbare Beeld na die wêreld gestuur: Jesus Christus, ons Here.

Hy wat die beeld van God, wat deur die sonde geskend is, weer in ons kom herstel het. Hy het van ons sterflike, verganklike liggaam die woonplek van die Heilige Gees gemaak. Sodat dit nou ons roeping is om deur ’n lewe van dankbare gehoorsaamheid aan God, meer en meer aan Hom gelykvormig te word en so die beeld van God te vertoon. Ons lewe moet getuig van dankbare gehoorsaamheid aan God se Woord.

*Sing: Psalm 2-1:1, 6*

*Ds. MJ (Thys) Erasmus (Pretoria-Magalieskruin)*